Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, December 24, 2020
Page: 27

LBW | RUBRIEK **GELDBEPLANNING** | NICO VAN GIJSEN



# Kry jou testament betyds in orde

**Jou lewensmaat en/of kinders kan ná jou dood in allerlei slaggate vasval as jy in 'n saamblyverhouding met iemand was, maar sonder 'n testament sterf. Dit kan dikwels tot gevolg hê dat mense nie erf wat jy graag wou hê hulle moes erf nie. Maak dus seker jou papierwerk is reg.**

Vandeesweek wil ek klem lê op die belangrikheid van jou testament, maar hierdie keer met 'n ander inslag. Ek koppel dit aan 'n onlangse beslissing in die Kaapse hooggeregshof in die saak Bwanya vs. Meester van die Hof waarin dit gegaan het oor 'n boedel waarin daar nie 'n testament was nie en waar die "erfgenaam" nie met die oorledene getroud was nie.

Voordat ek verder hierna kyk, net eers 'n algemene opmerking. In ons reg word testeervryheid – die reg om met jou goed te doen soos jy wil ná jou dood – baie hoog geag. Ons sien dit onder meer in die toonaangewende uitspraak van die appèlhof (BoE Trust Limited NO en ander (846/11) [2012]).

Dit bring my by die vraag: Hoekom, as jy hierdie basiese reg het, sal jy dit nie gebruik nie? En as jy dit gebruik, hoekom nie maar sorg dat dit deur kundiges gehanteer word nie? Dit gaan oor alles oor wat jy tydens jou leeftyd bymekaar gemaak het. Hoekom 'n kortpad kies daarmee?

Goed, dit is al gesê. Tog is daar steeds mense wat nie 'n testament het nie, of wat dink hulle het 'n testament, maar dan voldoen dit nie aan die regsvereistes nie. Dit kan tot gevolg hê dat jou goed in elk geval intestaat vererf (dit beteken maar net jy het nie 'n testament nie). In so 'n geval tree die Wet op Intestate Erfopvolging (Wet 81 van 1987) in werking. Andersins moet 'n hof besluit oor die geldigheid van jou testament. Indien dit nie geldig is nie, tree die wet in werking.

Hierdie wet sê die oorlewende gade, as daar nie afstammelinge is nie, sal die hele boedel van die oorledene erf. Indien daar wel afstammelinge is, sal die oorlewende gade 'n kindsdeel erf, of soveel as die bedrag wat die minister van justisie deur 'n kennisgewing bekend maak.

As daar nie 'n gade of kinders is nie, kry die oorlewende ouers van die oorledene al die bates in gelyke dele. As een ouer reeds oorlede is, kry die oorlewende ouer een helfte en die afstammelinge van die oorlede ouer die ander helfte. As daar geen sulke afstammelinge is nie, kry die oorlewende ouer alles. Ensovoorts. Lees gerus die wet as jy meer hieroor wil weet.

Wat ek vandeesweek wil uitwys, is die belangrikheid van 'n gade as vertrekpunt by die toepassing van die wet. Dit is waar dit alles begin. Wat gebeur as julle by mekaar ingetrek het en dus nie getroud is nie? Dan kan daardie persoon nie erf nie. Tot nou toe.

Die saak onder bespreking verander hierdie scenario. Me. Bwanya was in 'n saamblyverhouding met die oorledene. Sy kon dus nie erf nie. Die Kaapse hooggeregshof het toe beslis die wet is ongrondwetlik. Die wet moet gewysig word om voorsiening te maak vir 'n lewensmaat (*partner*) in 'n permanente verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag (*opposite-sex life partnership*) waarin hulle onderneem het om mekaar wedersyds te ondersteun en te onderhou.

Dit volg ná 'n vorige saak, Gory vs. Kolver (2006), waarin die Grondwethof beslis het iemand in 'n verhouding met 'n persoon van dieselfde geslag kan wel intestaat erf. Die twee sake verskil, want gay mense kon in daardie tyd nog nie trou nie. Nou kan hulle, maar pleks dat die wet weer van toepassing gemaak word, word hierdie vergunning ook gemaak aan mense van die teenoorgestelde geslag, wat nog al die tyd kon trou.

Hier is egter nou die dilemma: Indien jy nie 'n testament het nie en jy is dalk geskei (of nie) en iemand het by jou ingetrek, kan 'n probleem ontstaan. Hoe gaan jy byvoorbeeld ná jou dood kom verduidelik dat dit nie 'n permanente verhouding was nie? In die proses erf jou kinders, of wie ook al jy graag sou wou bevoordeel, minder of niks nie, terwyl die loslappie met 'n volle kindsdeel, of alles, wegstap.

Die antwoord is eenvoudig. Sorg dat jou testament reg opgestel is. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com, 021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.